Persverklaring

1 Junie 2009

Van die kantoor van die Munisipale Bestuurder

Vredenburg, kry sy eie brandweerstasie

Die tweede laaste brandweerstasie in die Weskus Distriksgebied is Vrydag hier op Vredenburg deur burgemeester, René Kitshoff geopen.
Die brandweerstasie is teen ‘n koste van meer as R6 miljoen opgerig en volgens mnr. Isak van der Westhuizen, direkteur van tegniese dienste, is die oprigting van die stasie ten volle deur die raad gefinansier.
Tydens haar openingstoespraak het burgemeester Kitshoff verduidelik waarom daar veranderinge aan die oprigting van die struktuur gebring moes word. “Nuwe regulasies, wat beamptes verbied het om agter op brandweerwaens te ry, het veroorsaak dat veranderinge aan die bouplanne aangebring moes word. Hierdie regulasies is aanvaar nadat die planne reeds goedgekeur was, en daar moes toe op die goedkoopste en doelstreffendste manier gehandel word om die probleem aan te spreek,” het sy gesê.
Die regulasies het bepaal dat geen brandweerman meer agter op ‘n voertuig mag ry nie. Die raad moes toe noodwendig voertuie met meer kajuitruimte aanskaf en die voertuie was heelwat langer as die beplande ruimte wat aanvanklik op die bouplanne aangebring was.
Kitshoff het ook daarop gewys dat die funksie van die brandweerdienste nog nie heeltemal deur die raad oorgeneem is nie. Op die oomblik konsentreer brandweerdienste van die WKDM hoofsaaklik op veldbrande, terwyl B-munisipaliteite omsien na die struktuurbrande, binne en rondom dorpe. Riglyne vir oorskakeling van diegesamentlike dienste onder die vaandel van die WKDM sal binnekort uitgeklaar word.
Burgermeester Joubert Skei van Saldanha baai wat ook die verrigtinge bygewoon het, het gesê die beskikbaarheid van die brandweerdienste kan nie op ‘n beter tyd gekom het nie. Hy het verwys na ‘n brand wat hulle die vorige week ondervind het en die spoedige optrede van die brandweerdiens.
Brandweerstasies is die afgelope paar maande op dorpe soos Piketberg, Clanwilliam, Vredendal en Moorreesburg geopen. Laasgenoemde dorp beskik oor een van die modernste rampbestuursentrums waar die ambulansdienste saam met die die brandweer

onder een dak gehuisves word. In September vanjaar sal die nuwe brandweerstasie op Malmesbury in gebruik geneem word.
By die geleentheid het burgemeester Kitshoff ook die lede van die brandweer geloof vir hulle bydraes. Tans is ‘n groep brandweermanne besig met opleiding en sodra dit voltooi is, sal hulle uitgeplaas word. Van die nuwe rekrute sal na die brandweerstasie op Vredenburg ontplooi word.

Einde van Verklaring